

Skriflesing: 1 Johannes 5:1-21; Johannes 17:20-26

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 8**

Teks: 1 Johannes 5:7-9;19

Sing- Ps.48:4; Ps.25:5; Ps.46:2,6

Ons belydenis in Sondag 8 gaan oor Wie God is. Aan die hand van ons geloofsbelydenis soos die Twaalf Artikels Sondag na Sondag hierdie belydenis deur duisende kerke en ore laat weergalm glo ons in God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. En dadelik is hier 'n hele paar rooi vlae wat moet opgaan. Wat sê ons as ons sê dat ons in God-Drie-Enig glo? Die Jehowah-getuies plaas God die Vader voorop en sê dat Christus maar bloot 'n natrek van God is in die sin dat Hy kom doen wat God beplan het, maar beslis is Hyself, Christus nie ook waarlik volkome God nie. Volgens die Jehowah-getuies is die Heilige Gees maar net uitdrukking van die krag van God, (energie van God) maar kan nie as Een beskou word wat in sy volle wese en Persoon ook volkome as God gesien kan word nie. Nog 'n rooi vlag- Die Jode vandag, hulle glo andersyds dat as ons Deut..6 :4 lees waar daar staan- *Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here*, dan is God eenvoudig net God die Vader. Op geen manier kan daar volgens hulle geglo word dat God 'n Drie-Enige God is nie.

En nou is vandag se vraag, maar ons, wat glo ons waarlik, as ons die drie dele van die belydenis oopmaak- Die eerste deel bely ons in die Twaalf Artikels- **God die Vader en ons skepping, die tweede gaan oor God die Seun en ons verlossing, die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.** Met die lees van die laaste hoofstuk uit die eerste Johannes-brief plaas die bejaarde apostel geweldige sake bymekaar wat ons tog nooit uitmekaar moet gaan wil haal nie. Nog minder, moet nooit die Drie-Eenheid van God sien as “drie dele” van God wat dan uitmekaar gehaal is nie. So asof God die Vader, op sy “Eie”, eerste as Skepper bely word, en dan kom die Seun om ons eintlik weer in die kring van die verlossing te plaas en die Heilige Gees kom op die einde om ons op koers te plaas in terme van wat ons heiligmaking genoem word nie. Néé!

Ons moet dit baie duidelik en baie reguit sê soos dit in v.1 van hfst.. 5 ook staan- *Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die Een lief wat uit Hom gebore is.* Op geen manier wil God die Vader en God die

Heilige Gees aan skepping en heiligmaking verbind word sonder Christus nie. Christus is by die skepping en die heiligmaking net soveel ter sprake soos wat Hy by die verlossing ter sprake kom. God het nooit iets sou skep sonder die Seun en die Heilige Gees nie, en die Heilige Gees sal niks bewerk wat heilig is sonder die Vader en die Seun nie!

As ons dit beseft dan verstaan ons Johannes se groot gedagte wat hy telkens beklemtoon nl. dat God, die Drie-Enige God oor niks en niemand anders wil praat as oor Jesus Christus nie. Op watter aangrypende manier word daar eintlik nege getuies ingeroep wat oor die grootheid van Jesus Christus moet praat. Dit gaan nie oor die grootheid van die Drie-Eenheid nie, maar dit gaan oor Wie Jesus Christus is, en in Hom word die getuienis net groter, want Hy getuig uit die hemel, Hy getuig uit die aarde, Hy getuig selfs tot in die vêrste toekoms, ja tot op die einde van die laaste stukkie geskiedenis van wat nog op hierdie aarde moet gebeur.

Néé, al wat ons kan doen is om aan God se openbaring vas te hou. In aansluiting by vanoggend, die magspreuke van God en die magsdade van God kom bymekaar en in sy openbaring m.a.w. in sy Woord gaan dit oor die Vader en die Seun en die Heilige Gees wat oor Jesus Christus getuig. In Sondag 7 het ons mos al 'n keer gevra en gehoor- **Wat is 'n ware geloof?** Ons het toe geantwoord dit is 'n vasstaande kennis en vaste vertroue wat deur die Woord en Gees in u en my se harte ingewerk word. Ja, toe het ons eintlik al gesê die geloof gaan net oor Een nl. oor Jesus Christus- **dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Jesus Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.**

Om oor die Drie-Eenheid te praat moet geen abstraksie wees nie, maar dit moet wees om oor Jesus Christus te praat. Met Jesus Christus kry geloof waarlik 'n gesig. Johannes sien dit baie duidelik en op verskeie maniere herhaal Hy eintlik een tema keer op keer dat Jesus is die Christus, die Seun van God (1,5,11,12, 13). Johannes gaan sover om wat vir ons in Sondag 7 staan nl. ons belydenis oor wat is 'n ware geloof as die enigste en sterkste wapen denkbaar teen die bose wêreld te beskou – Hy sê in vers 4- *Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het,*

naamlik ons geloof. (Die geloof wat voorop staan, geloof wat 'n vyeboom inmekaar laat krimp en die berge by die see kan uitbring...) Daar staan in 1 Joh. 5:5- *Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is.* Net hierdie getuienis om waarlik te kom by die besef dat God Drie-Enig getuig van Jesus Christus, en met so 'n getuienis is u besig om deur u geloof die wêreld van liefdeloosheid en haat vry te maak.

Dit wat die vrotste deel binnekant die wêreld is, (wêreld is alles wat menslik, misluk, klein en sondig is,) ja dit wat die wêreld in die mag van die Bose plaas het net een teenvoeter nl. nege getuies van Jesus Christus wat ons op drie maniere moet raaksien. Die drie in die hemel, die drie op die aarde, en die drie waarby die geskiedenis ons by uitbring. Die drie Persone in die hemel is die Vader, die Seun (of dan die Woord) en die Gees, en hierdie drie is Een, en die drie wat die hemelse feite op aarde saamvoeg is die Gees, die water en die bloed, hulle drie word een, en waar dit duidelik word is waar die geskiedenis gaan om God, kerk en wêreld, hierdie laaste drie, hulle sal nog later een word, al is hulle nog nie een nie, en het nog nie een kon word nie!

As u vandag besef met hierdie geloof wat op nege maniere, ja drie keer van drie kante met ons besig is, dan is ons besig met dit wat die wêreld oorwin nl. ons geloof. 'n Geloof in liefde saamgevoeg want die geloof is uit God. En waar God oorwin, oorwin die liefde. Dit is al manier hoe hierdie wêreld ooit 'n einde sal kry aan tweedrag en haat en twis, ja aan oorlog en wapens en die mag van politiek en geld nl. as liefde seëvier. En dit moet ons glo. Johannes sien dit eintlik as 'n wet, as 'n gebod. Hy praat van God se geboorte wat nie swaar is nie, wat gegiet is in God se liefde en gevorm word in die geloof, sonder om werklik die boosheid van die wêreld te onderskat. Hoe moeilik is dit om lief te hê, om waarlik vir Jesus Christus, God se Seun lief te hê? Nie met 'n wêreldse "lieuwe Jesus"- liefde nie, maar met die liefde wat sterker is as enige liefde wat ons op aarde kan teëkom.

Agter die liefdeloosheid van die wêreld is daar eerste die geweldige krag wat geen mens kan teëgaan nie, en dit is die drie wat in die hemel getuig dat Jesus die Christus is nl.

Vader, Woord en Heilige Gees. Die Vader getuig by die doop van sy Seun en by die verheerliking op die berg dat Jesus is sy geliefde Seun in Wie Hy 'n welbehag het. As God by hierdie geleentheid uit die hemele praat, sy stem breek deur die wolke dat mense God kon hoor dan praat God as Vader, as ware God, ja as Skepper, en Hy verklaar hierdie Seun is waarlik my Seun, Hy is my enigste, Ek die Vader verklaar dit, Ek hetb Hom lief.

En as die tweede kom dan gee Hy, die Seun van God Self ook getuienis van Wie die Christus waarlik is. Hy is nie maar net Jesus nie, Hy is Jesus Christus, en *Wie in my glo het die ewige lewe*- en wie nie glo sal die ewige lewe nooit sien nie...Wie in Hom glo sal lewe, al het hy dan ook gesterwe. En wanneer hierdie Seun opvaar na die hemel dan het Johannes geskrywe daar is drie wat getuig, die Vader, die Woord en die Gees. Ja as die Heilige Gees oor die apostels kom dan is daar net een boodskap, van een God nl. glo in die Here Jesus Christus en jy sal salig word. Die Gees getuig net van Een, Jesus Christus Hy alleen. Vader, Seun en Gees is Een en gee maar een getuienis- Jesus is die Christus.

Maar met die getuienis uit die hemel as dit dan moeilik is om God uit die hemel te hoor dan daar is drie wat getuig op die aarde- *die water, die bloed en die Gees*. Hierdie getuienis is soos die weergalming as 'n stem tussen berge deur weerklink dan is daar mos die weerklink van dit wat eerste geklink het. Die Vader, Woord en Gees weerklink in water, bloed en Gees.

Weer op drie maniere en tog bly dit een stem. Hoe Jesus op die aarde gekom het, of hoe het Hy van bo na onder gekom het is dieselfde vraag. En dan weet ons Hy het deur water gekom want Hy het Hom laat doop. Daarmee was Hy amptelik die Gesalfde van God. Hy het in die openbaar hierdie getuienis ontvang dat Hy nie net Jesus is nie, maar dat Hy die Christus wil wees. Die water gee die getuienis dat Hy die Christus is al was Johannes eers huiwerig om Hom te doop. En ons weet Hy het nie net deur water gekom nie, maar ook deur bloed. Toe Hy met sy werk begin het was dit maar net nog water maar Hy het op hierdie pad moes bly totdat die kruis gekom het. Die water het in die bloed moes verander, so seker soos wat Hy water in wyn kon verander. Ja die Gees is weer die klank

en weerklank, Hy wat die Woord geïnspireer het want so seker as wat die Gees uit die Vader en Seun gekom het, so seker praat die Gees uit die water en die bloed. Uit die water wat bloed geword het...

Toe Jesus gedoop is toe het die Gees soos uit 'n duif op Jesus kom sit, en toe Hy gekruisig is, toe water bloed word, toe skeur die Gees geweldige skeure oop. Die tempel gordyn skeur, maar ook die aarde skeur oop, grafte gaan oop, die lewe kom in dooie liggame want die Gees wek lewe, Hy wat lewewekend sy getuienis saam met water en bloed deurgee. Ja, selfs 'n rou harde heiden se hart word soos die aarde kan skeur, word sy hart oopgeskeur. Die heiden, daar by die kruis sê waarlik Hy was die Seun van God.

En na hierdie water en bloed word dit nog duideliker want Christus staan op en op hierdie aarde het dit Pinkster geword. Daar gebeur so geweldige klomp dinge. Die boek Handeling is vol daarvan, en dit gebeur met verbysterende tekens en wonder, en dit alles om Israel en ons almal te laat besef dat God vir Jesus tot Here en Christus gemaak het. Die stemme van bo, die van die Vader, Woord en Gees word deur die feite van onder nl. water, bloed en Gees bevestig. Om te glo (Sondag 7) is om eintlik dan te kom by Sondag 8 en te sê, ek hou vas aan die stemme uit die hemel wat weer gedra word deur die feite op die aarde, en met hierdie feite word die bese wêreld oorwin – 1 Joh.5:4- *Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld, en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.* Dit is geldend ten spyte van wat later in v. 19 gesê word *dat die hele wêreld in die mag van die Bese lê.*

Daar kom by hierdie sestal getuies drie uit die hemel en drie op die aarde nog verdere drie by. God, kerk en wêreld. God is die God van voortgang en beweging. God het nie maar net met Israel getrek toe daar 'n woestyn was om deur te trek nie, maar ons moet besef vandag is God nog net so aan trek met ons, sy volk. God is 'n God wat beweeg. Die dinge gaan vorentoe. Nooit sal God stagneer of die geskiedenis sal nooit op hierdie aarde kan gaan stilstaan nie. Die geloof wat in ons is moet ons beweeg. Dit maak dat die kerk 'n getuienis moet aflê met dit wat God getuig. Ons moet praat en dit wat ons as kerk moet praat moet al hoe groter word. Die getuienis wat in jou is, dit wat God in jou hart

begin het is nie 'n iets wat 'n doel opsigself moet wees nie. Nie net ek en my siel, ek en my stukkie geloof nie, néé, maar dit gaan deur na die gemeenskap van heiliges, ons bely dit elke Sondag, dat ek hulle moet liefhê, elkeen van hulle wat ook uit God gebore is, ongeag wie hulle is. In hierdie bese wêreld van haat en ontbinding moet dit aangroei tot die kragtigste getuieis denkbaar, dat ek saamgebind wil wees met almal wat uit God gebore is. Dit is waarlik die geloof wat die wêreld sal oorwin, en die kragte van benede, die wêreldse kragte; die kragte van wat boos is soos dit in die hele wêreld sy boosheid wil laat geld word deur ses ander oorwin. Drie bo, drie binne en nou drie uit die aarde. Ja dit alles kan net gebeur as Jesus se Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 nie maar net vir ons mooi woorde is nie.... maar is ons werklik ernstig genoeg, luister ons as ons Jesus nou hoor bid- *dat almal een mag wees net soos U Vader in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U my gestuur het...*

Met dieselfde Gees en krag waarmee Vader Seun en Gees aan mekaar gebind is wil die Here vir ons as sy kerk aanmekaar gebind sien. Jesus bid nie vir die wind en vir die voëls nie. Hierdie gebed is vir ons sy kinders- luister daarna...Die grootste wonder wat van God en sy kerk nog moet uitgaan is wanneer die wêreld saam met God en sy kerk sal getuig dat die Vader vir Christus gestuur het. Dan het die nege vol geword. Drie in die hemel, drie op die aarde, die drie vanuit die bese wêreld wat die wêreld oorwin het.

As God van Christus getuig dan gebeur dit so ingrypend dat die kerk gegryp word en dit kan bely maar die kerk moet op sy beurt net weer so in eenheid kan getuig soos wat God Een is dat ook die wêreld moet kan bely dat Jesus die Christus is. Eers getuig God en dan die kerk en dan die wêreld, hoe wonderlik, die drievoudige Getuies van Sondag 8 word sesvoudig, word negevoudig. God het beweeg en sal aanhou beweeg, al moet Hy hierdie getuieis van 'n stukkende kerk wegneem. Efese, die eerste van sewe gemeente in Openbaring se lig (hulle kandelaar) is weggeneem omdat hulle hul eerste liefde verlaat het. Wie sê dit kan nie ook met ons gebeur nie? Die lewe in die kerk, ja die nuwe lewe in Christus lê nie in kerklike verskeurdheid, teologiese spekulasies en koue gewoonte-godsdiens of formalisme nie, maar om waarlik in ons teologie en belydenis te beweeg na

die getuienis van God- om God te hoor praat as Hy deur sy Woord met ons praat- Hy praat van bo na onder op nege maniere- hoor U Hom?

AMEN